LAERSKOOL BEAUMONT

Geagte Ouers

16 September 2011

'n Spesiale foto van Mev Senatore saam met Mej van Niekerk, Mev Galloway, Mev Viljoen en Mev Philander tydens 'n spesiale besoek aan Mev Senatore tuis. Ons dink aan u, Mev Senatore, en stuur baie liefde.

Die volgende inligting is hierdie week vir u aandag:

1. WINTERINTERSKOLE TEEN DE HOOP

Ons jaarlikse Winterinterskole teen De Hoop was 'n groot sukses met massas leerders en ouers wat die ysige winter weerstoestande verlede Saterdag by Beaumont getrotseer het. Ek wil graag alle afrigters en in die besonder ons sportadministrateur, Mev Eslo Minnie, bedank vir hul reëlings. Ek wil ook graag ons ouers bedank vir hul ondersteuning en gedissiplineerde optrede langs die velde en bane.

2. PRINSES ROSELYNNE KONSERT

Die Konsertoefeninge is in volle swang en alle leerders vanaf Gr R – 4 probeer hul beste en geniet hulself gate uit. Maak asseblief seker dat u kind die volgende twee weke 'n goeie nag se rus kry.

Daar is steeds 'n beperkte aantal kaartjies beskikbaar. Kontak asseblief vir Keri by (021) 851-0396 by die Nasorgsentrum. Ons herinner u aan die volgende:

- Die programme sal teen R10.00 by alle optredes beskikbaar wees.
- 'n DVD en foto's sal van beide rolverdelings geneem word. Inligting oor bestellings sal later deurgegee word.
- Kompakskywe met die musiek sal teen R30.00 in die voorportaal te koop aangebied word.
- 'n Snoepie sal tydens pousetyd by alle optredes beskikbaar wees.
- Let op dat aandoptredes om 18:30 begin. Gaste moet om 18:20 reeds hul plekke ingeneem het. Niemand sal toegelaat word om na 18:30 die saal te betree nie.
- Parkering sal op die onderste skoolveld beskikbaar wees. Indien dit reën sal ons egter nie die velde gebruik nie. Beplan asseblief dienooreenkomstig.

3. BEAUMONT BEGROTINGSVERGADERING 2012

Kennis word gegee van 'n inligtingsaand deur ons Beheerliggaam. Die voorgestelde begroting vir 2012 sal voorgelê word en tyd vir bespreking sal gegee word, gevolg deur 'n stemming. Dit is in alle ouers se belang om teenwoordig te wees aangesien die beoogde skoolfonds vir 2012 voorgelê sal word asook die norme en standaarde wat die befondsing van skole beïnvloed.

DATUM: Maandag 24 Oktober 2011
PLEK: Beaumont Skoolsaal
TIME: 19:00

Skryf asseblief hierdie datum neer. U teenwoordigheid sal waardeer word.

4. BEAUMONT GHOLFDAG - HERINNERING

Laerskool Beaumont bied op Vrydag 7 Oktober 2011 sy Jaarlikse Gholfdag te Erinvale aan. Ons nooi al ons spelers om hierdie datum aan te teken. Die koste is R1 250 per 2 bal of R2520 per 4 bal. Pryse vir die dag en die borgskappe vir gate is welkom. Kontak Kate Uys by 083 257 0555 of (021) 847-1498 of epos: kateuys@iburst.co.za

5. BEAUMONT KARNAVAL

Onthou die 5de November! Die Beaumont Karnaval vind op hierdie datum plaas. Dit word by Ratanga Junction aangebied en sal van 10:00 tot 17:00 duur. Die koste is R100 per kaartjie. Dit is nie 'n skooluitstappie of "aflaai en gaan" geleentheid nie. Ons wil hê dat u die dag saam met u familie deurbring. Ons het tot 23 September 2011 om genoeg kaartjies te verkoop om die bespreking te verseker. Volgens die reëlings sal u u geld terugontvang sou die geleentheid nie kan voortgaan nie. Hou asseblief die webtuiste: www.beaumont4u.co.za dop vir die bankbesonderhede sou u u kaartjie aanlyn wil aankoop. Kaartjies kan daagliks tussen 13:00 – 14:00 in die skool se voorportaal aangekoop word.

6. LENTEDAG

Die inwoners van Vonkehuis wil graag vir Beaumont en sy leerders bedank vir die pragtige donasie van blomme en mooi wense. Dankie aan die opvoeders en ouers vir hul leiding.

7. "MUFTI" -DAG / KOEKVERKOPING GRAAD 2 EN 6

Op Woensdag 28 September 2011 hou die ouers van Gr 2 en 6 leerders hierdie kwartaal se koekverkoping, gepaard met 'n "Mufti"-dag en ons doen 'n beroep op kinders om geld te bring om dit te ondersteun.

8. EKO NUUS

HERWINNING

Ek het al die syfers bymekaargetel en is VREESLIK opgewonde en VREESLIK trots om aan te kondig dat julle, as ouers en leerders van Beaumont, dit reggekry het om tot dusver 107 008kg herwinningsmateriaal in te samel. Dit is gelykstaande aan R30 656! Vir die hele boekjaar van verlede jaar het ons R29 000 ingesamel, so dit is wonderlik om reeds verby daardie merk te gaan. Ons mik egter vir R36 000, so hou aan om te herwin. Dit is vir 'n goeie doel!
Onthou: HER-dink, HER-gebruik en HER-win!

9. KULTUUR

Beaumont het absoluut fantasties gevaar by die Helderberg Eisteddfod, en die Seniorkoor was ook genooi om by die Pryswennerskonsert op 8 September deel te neem. So ook ons Senior Ensemble!

Die volgende leerders het baie goed in die Vioolklas gevaar:

Taine Jackson A, Daniel Wykerd A, Dinisha Coopoosamy A, Anja van den Oever A+. Die volgende leerders het die hoogste punte in hul ouderdomsgroepe behaal: Michaela Johnson Classical 12 jaar A+ en Concerto 12 jaar B+.
Die Beaumont Strykorkes het die hoogste punt in hul kategorie behaal en het die Helderberg Eisteddfod Medalje gewen.
(Alessia Lederer het die Helderberg Eisteddfod Medalje vir die hoogste punt in haar ouderdomsgroep gewen.)

UNISA TEORIE UITSLAE vir Junie 2011:

Anja van den Oever 91%, Natasha Nieto-Lawrence 93% en Dinisha Coopoosamy 95%. Al drie kandidate se name verskyn op die Ererol vir hul uitsonderlike prestasies in Oktober 2010 in die UNISA voorgraad 1 eksamen.
Dinisha Coopoosamy se naam verskyn op die UNISA Ererol vir haar resultate in die UNISA Graad 1 eksamen (95%). BAIE GELUK!

Ons is BAIE trots op julle!

STELLENBOSCH EISTEDDFOD - KLAVIER

Dinisha Coopoosamy Duet Klas A+, Jamie van Breda en Min-Chan Kim A+, Jamie van Breda CUM LAUDE, Min Chan Kim CUM LAUDE, Natasha Nieto-Lawrence CUM LAUDE en Tony McPherson ontvang die Helderberg Eisteddfod Sertifikate vir hul CUM LAUDE prestasie.

BAIE GELUK! Jul harde werk is beloon en dit maak ons trots!

10. SPORT SPOGHOEKIE

Artistiese Gimnastiek

Skye Bullen het deelgeneem aan die Boland Kampioenskappe vir Artistiese Gimnastiek Vlak 6 o/12 by die Bellville Velodrome. Sy het 'n Goue Medalje ontvang en gaan aan die Wes-Kaap Kampioenskappe deelneem gedurende September. Baie sterkte!

Kim Philander is gekies om die Westelike Provinsiespan te verteenwoordig in die o/10 vlak 5 Vroue Artistiese Gimnastiekkampioenskappe. Sy het ook gekwalifiseer om aan die Wes Kaap Kampioenskappe deel te neem gedurende September. Baie sterkte!

Gimnastiek
Timothy Rimell en Christian Nieuwoudt het onlangs deelgeneem aan die Wes Kaap Gimnastiekproewe. Hulle is albei gekies om die Wes Kaap te verteenwoordig tydens die Suid Afrikaanse Gimnastiekspele, wat aangebied sal word vanaf 3 – 8 Oktober. Sterkte seuns en hou Beaumont se naam hoog!!

Ritmiese Gimnastiek
Sharyn vd Walt (Gr 5E1) het op 27 Augustus deelgeneem aan die 1ste Boland Proewe vir Ritmiese Gimnastiek wat plaasgevind het in Macassar. Sy het deelgeneem in die Vryhand, Hoepel, Bal en Kegels roetines en het 'n goue medalje ontvang vir vlak 6 o/11. Baie geluk.

Skaak
Die uitslae vir die skaaktoernooi wat plaasgevind het by Rhenish is:
o/10 – Odin Mostert – 2de, Nathan Haupt – 3de, Dafydd Lee – 4de, Kael Mostert – 6de en Nicholas Hamilton – 7de.
o/12 – Joel Lee – 2de, Daniel Haupt – 6de, Mark Hamilton en Morgan Lottering – 10de.
o/14 – Jarrod Joao – 2de, Austen Piggot – 7de en John Hamilton 8ste. Baie geluk aan almal!

Hokkie
Baie geluk aan ons o/13A Hokkie Seuns met hul oorwinning oor Somerset College tydens "The Ball" Toernooi. Hierdie wedstryd vind jaarliks plaas op die Astrobane in Stellenbosch. Baie geluk!.

Karate
Liam Beyer in Graad 2e2 het 3 maande gelede begin met karate en het sy eerste gradering gedoen verlede Saterdag. Hy het dit deurgekom en het die volgende toekenning ontvang: tiende kyu, wat beteken dat hy sy eerste belt in karate vir Hare-Yama-Ryu vir die karate style Japanese Goju Ryu ontvang het. Ons is baie trots op hom!

Mini Trampolien
Dean Laubser in Graad 2e5 het deelgeneem aan die Wes Kaapse Gimnastiekkampioenskappe vir Mini Trampolien, wat gehou is by die Bellville Velodrome op Saterdag, 3 September 2011. Hy het 3de gekom en 'n bronsmedalje ontvang en is gekies om deel te neem aan die SA Gimnastiekspele wat gaan plaasvind gedurende Oktober 2011. Baie geluk en sterkte!

Brandeplankry
Adin Masencamp het deelgeneem aan die Billabong Pro Junior brandeplank kompetisie by Vic Bay vanaf 1-4 September 2011. Hy het die o/12 finaal gewen in soliede 8 voet branders en is gekroon as die Billabong Pro Junior o/12 Kampioen vir 2011. Hy het direk na sy o/12 finaal gaan deelneem aan die o/14 finaal. Hy was die enigste o/12 deelnemer wat gekwalifiseer het vir die ouer ouderdomsgroep se kompetisie. Adin het hier 'n 4de plek ontvang.

Tennis
Charles Morkel, Eva en Daniel du Toit het deelgeneem aan die WP Mini 3 Tennistoernooi in Kaapstad. Eva het die o/12 enkels trofee verower en Charles en Daniel die o/14 dubbels trofee.

Cindy Dorrington gaan Amerika toe gedurende die September vakansie om tennis te speel. Dit is 'n geweldige unieke geleentheid en ons wens haar net die beste toe. Geniet elke oomblik!

Stoei
Daniel Sandenberg het deelgeneem aan die WP kampioenskappe vir Junior Stoei. Hy het 'n silwermedalje ontvang en is gekies om die WP span te verteenwoordig tydens die SA Kampioenskappe later vanjaar. Baie geluk en sterkte!

De Hoop Interskole
Baie dankie aan al die spanne wat deelgeneem het aan die De Hoop Interskole. Ongelukkig kon ons nie al ons wedstryde wen nie maar ons het wel ons beste probeer. Baie geluk. Geluk aan ons o/13A spanne wat wel hulle wedstryde gewen het: Netbal 19 – 14, Seuns Hokkie 2 – 0 en die Meisies Hokkie wat gelykop gespeel het 1 – 1. 'n Spesiale woord van gelukwensing aan ons Landloopspan wat ten spyte van reënweer die skool kom verteenwoordig het en 'n oorwinning van 189 punte behaal het oor De Hoop!!

Bergfietsliga
Die uitslae vir die Bergfietsliga wat plaasgevind het op Vrydag 9 September is:

o/7 –	Tim Groenewald (1ste), Callum Wilson (2de), Matthew Wilcock (3de), Stefani Groenewald (1ste), Nicole V Rensburg (3de), Rebecca Pardoe (4de)
o/9 –	Keith Jonker (2de), Nadine Wrench (3de)
o/11 –	Melissa Wrench (1ste)
o/14 –	Grant Keet (1ste).

11. NUUS VANUIT DIE KANTOOR

Verstaan asseblief dat, weens die bouwerk by ons skool, daar ontwrigting sal wees vir ouers en personeel. Ons vra dat u geduld aan die dag sal lê wanneer u u kinders op- of aflaai. U samewerking sal baie waardeer word.

12. BELANGRIKE DATUMS

Vrydag 16 September	:	Toebroodjies
	:	Toetsreeks Gr 4 – 7 : Kuns en Kultuur
	:	Prinses Roselynne Konsertoefening
	:	KFC Tennistoernooi
	:	Avontuurklub: Apple Creek Grabouw (vertrek 16:00) tot 18 September
	:	Koorkamp
	:	Verlore goedere oop tussen 12:45 – 13.15
	:	Detensie
Saterdag 16 September	:	Koorkamp
Maandag 19 September	:	Herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	Graad 6 Kamp – seuns
	:	Prinses Roselynne – Eerste Konsertaand
Dinsdag 20 September	:	Gr 7 uitstappie - Tafelberg
	:	Gr 6 Kamp - seuns
	:	Prinses Roselynne Konsert
	:	Klerebank oop tussen 13:00 – 14:30
	:	Gr 7 uitstappie - Tafelberg
Woensdag 21 September	:	Gr 6 Kamp - dogters
	:	Prinses Roselynne Konsert
Donderdag 22 September	:	Gr 6 Kamp - dogters
	:	Prinses Roselynne Konsert
	:	Klerebank oop tussen 13:00 – 14:30
	:	Gr 7 uitstappie - Tafelberg
Vrydag 23 September	:	Toebroodjies – laaste dag
	:	Prinses Roselynne Konsert
	:	Detensie
Sondag 25 September	:	Koortoer na Suidkaap tot 27 September
Maandag 26 September	:	Herwinning tussen 07:30 – 08:00
	:	Koorttoer na Suidkaap tot 27 September
	:	Gr R - 3 vorderingsbesprekings
Dinsdag 27 September	:	Beaumont – Indigo Spur-aand
	:	Beheerliggaamvergadering om 18:30
Woensdag 28 September	:	Muftidag en Koekverkoping Gr 2 en Gr 6
Donderdag 29 September	:	VERLORE GOEDERE TUSSEN 13:00 – 14:30
	:	Avontuur Klub OranjeRivier vertrek
Vrydag 30 September	:	Avontuur Klub OranjeRivier
	:	Interhuis Vasvra
	:	Gr R – 7 rapporte huis toe
	:	**SKOOL SLUIT OM 11:00 VIR LEERDERS**

BEAUMONT KLEREBANK GESLUIT OP Dinsdag 27 EN DONDERDAG 29 SEPTEMBER 2011

Vriendelike groete

MNR G REDDELL
SKOOLHOOF

16/2011

Ernstige hommelbye!

Julia van die DBV het ons Gr R-klas besoek en gepraat oor dieresorg.